PREEKNOTA

Datum: 17/03/2024

1. Hoe baie het jy jouself al met "groener gras" misgis?

2. Wat leer jy wanneer jy jouself met "groener gras" misgis?

Prediker 2:1-11 (DB) [1]Ek het toe besluit om die lewe te geniet en uit te vind wat vreugde nou eintlik is. Ook dit was 'n sinlose gejaag na wind. [2]Ek het ontdek dat om te lag nie veel sin het nie en dat vreugde nie veel beteken nie. [3]Omdat ek na insig in die lewe gesmag het, het ek my toe aan wyn en genot oorgegee. Ek wou vasstel wat goed is vir 'n mens en wat nie. [4]Ek het toe groot projekte aangepak: ek het huise gebou, wingerde aangeplant, [5]parke en tuine uitgelê, verskillende vrugtebome geplant en [6]watervore uitgekap om 'n groot bos met groen bome nat te lei. [7]Verder het ek 'n groot klomp werkers, mans en vroue, in diens geneem en hulle kinders my eiendom gemaak. Ek het ook groot troppe vee vir my gekoop, meer as wat enige koning voor my gehad het. [8]Hope silwer en goud het ek bymekaargemaak. Ek het talle sangers en sangeresse aangestel, en baie mooi meisies gekry om my gelukkig te hou. [9]Naderhand was ek groter en belangriker as enigiemand wat ooit in Jerusalem gewoon het. My soektog na wysheid en insig het ek egter nooit verloor nie. [10]Wat ek in dié tyd wou gehad het, het ek gekry. Ek het myself niks ontsê nie. En ek was gelukkig oor wat ek alles bereik het. Dit was die beloning vir al my moeite. [11]Toe het ek alles wat ek gedoen het, krities begin ondersoek. Oor my werk en inspanning het ek baie nagedink. En ek het besef dat alles sinloos is. Dit is bloot net 'n mors van tyd. In hierdie wêreld is daar absoluut géén sin nie.

• Goed is nie goed genoeg nie!

3. Wat is die leuens van goed en groener gras?

a) Goed sal jou gras groener maak.

Lukas 12:13-15 (AFR83) [13]Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus: "Meneer, sê vir my broer hy moet die erfenis met my deel." [14]Maar Hy antwoord hom: "Man, wie het My as regter of deler vir julle aangestel?" [15]Toe sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."

b) As jy baie het, is jou gras groener as die res s'n.

c) Hoe gelukkig jy is, hang af van hoeveel jy het.

Filippense 4:10-13 (AFR83) [10]Ek was baie bly in die Here dat julle na so 'n lang tyd weer gewys het dat julle nog aan my dink. Nie dat julle my ooit vergeet het nie, julle het net nie die kans gehad om iets te doen nie. [11]Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. [12]Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. [13]Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

4. Wat is dit wat jy glo, jou gras groener sal maak?

Matteus 19:16-24 (AFR83) [16]Daar het iemand na Hom toe gekom en gesê: "Meneer, watter goeie daad moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" [17]Hy het vir hom gesê: "Waarom vra jy My uit oor wat goed is? Daar is net Een wat goed is. Maar as jy die ewige lewe wil ingaan, onderhou die gebooie." [18]"Watter gebooie bedoel u?" het hy vir Hom gevra. Jesus het gesê: "Dit: Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie, [19]eer jou vader en jou moeder en: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. " [20]"Dit alles het ek nagekom," het die jongman gesê. "In watter opsig skiet ek nog te kort?" [21]Jesus het hom geantwoord: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My." [22]Toe die jongman dit hoor, het hy bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad. [23]Jesus het toe vir sy dissipels gesê: "Dit verseker Ek julle: 'n Ryk mens sal moeilik in die koninkryk van die hemel kom. [24]Ek stel dit nog sterker: Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom."

Lukas 19:1-5 (NLV) [1]Jesus het Jerigo binnegegaan en deur die stad gestap. [2]En daar was iemand met die naam Saggeus; hy was 'n hooftollenaar en 'n ryk man. [3]Hy het sy bes probeer om te sien wie Jesus is, maar hy kon nie vanweë die skare en omdat hy kort was. [4]Hy het vooruit gehardloop om voor te kom en in 'n vyeboom geklim om Jesus te sien omdat Hy daar sou verbygaan. [5]Toe Jesus by dié bepaalde plek kom, het Hy opgekyk in die boom en vir Saggeus gesê: "Saggeus, klim haastig af, want Ek moet nog vandag by jou tuisgaan."

5. Wat moet jy begin doen, om jou gras groener te beleef?

Jesaja 55:1-3 (NLV) [1]"Almal wat dors is, kom na die water toe. Selfs al het jy geen geld nie, kom, koop en eet. Kom, koop wyn en melk sonder prys en geld. [2]Hoekom spandeer julle julle geld op dit wat nie brood is nie? Hoekom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister mooi na My, dan sal julle eet wat goed is, en versadig kan word met die beste wat te kry is! [3]Luister tog, kom na My toe. Luister na My dat julle kan lewe. Ek is gereed om 'n ewige verbond te sluit. Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos Ek aan Dawid belowe het."

6. Kies vandag om God se uitnodiging te aanvaar en gaan na Hom toe.

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN ~ 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER ~ 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT ~ 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za

FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za

60 jaar en ouer:
016 004 0016 I navrae@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62509813846
Takkode: 250 655